10 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #27

Geliefde Gemeente,

Gisteraand en vanoggend, het ek Genesis huis se tuin, so waardeer. Die pomelo boom hang vol pomelo's, en die nartjie boom se drag is oorvloedig.

Vanoggend het die plante egter 'n ander boodskap gebring. Die feit dat elke plant: swygsaam is; so oorgegee is, jy kan die plant, plant net waar jy wil en hoe jy wil. Die bome praat nie teë wanneer jy met die snoeiskêr kom nie. Die plante sal ook niks verbaal sê: as die grond armoedig is, of as die plant nie genoeg water kry, of te veel water kry nie. Die plante loop ook nie weg – is so lojaal – dros en soek nie 'n ander tuin nie (kan gesteel raak).

Dit laat my onwillekeurig dink, aan die **"swyg bevele"** van Jesus Christus. Christus het voortdurend, almal aan en in wie Hy 'n wonderwerk verrig het, beveel om nie 'n woord te sê nie. (Met die uitsondering van een geval.)

Dit bring ons by die boodskap van hierdie **"Eindtyd tipe, Goeie Vrydag"**, en net maar miskien sal dit onthou word as die belangrikste Goeie Vrydag van ons hele lewe; in die geskiedenis van Suid-Afrika. Die tema is dus: **HY HET SY MOND NIE OOPGEMAAK NIE** – ***Jes. 53:7*** – alhoewel Hy mishandel was; letterlik geslag was, was Hy stom voor sy *"skeerders".*

Dit is wat die Heilige Gees vir ons op hierdie Goeie Vrydag wil sê. In die aangesig van die huidige toestand van ons land. Ons land, Suid-Afrika is soos 'n skaap wat geskeer word, en in die proses is daar die merke, wat 'n onverskillige skeerder die ***"skaap"*** toegedien het.

Is ons die slagoffer van die huidige gebeure en tendense?

Nee, ons is nie. Soos Christus: dui ons die **rigting** aan.

Alhoewel Christus Sy mond nie oopgemaak het nie, het Hy die rigting van geloof, bepaal, en onherroeplik verander.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335